12. Appèlle en Beswaarskrifte

12.1 RAPPORT VAN DIE KOMMISSIE PRE-ADVIES OOR DIE ONTVANKLIKHEID VAN APPÈLLE EN BESWAARSKRIFTE (Artt 19, 66, 113, 242)

A. Ds RM van der Merwe stel die Rapporte.
B. **Besluit:** Verwys pt 4.1.5.1 van Derde Rapport na 'n Kommissie Pre-advies.
C. Ds PK Lourens rapporteer namens die Kommissie Pre-advies.
D. **Besluit:**
    1. Dat die Notule van artikel 113 as korrek goedgekeur word.
    2. Dat die redaksioneel-gewysigde motivering as motivering van die spesifieke besluit by artikel 113 van die Notule pt.4.1.5.1 dien.

E. EERSTE RAPPORT

1. Opdrag

Die mandaat van die Regskommissie is om die Sinode te adviseer insake die ONTVANKLIKHEID van alle Appèlle en Beswaarskrifte. Verder behoort die Regskommissie hulle ten volle in te werk op die inhoud van die onderskeie Appèlle en Beswaarskrifte sonder dat tot enige besluit geraak word (Acta, 1991:540, E2).

Besluit: Kennis geneem.

2. Die Sinode neem kennis

2.1 *Oorsig oor **Appèlle** met gepaardgaande dokumentasie wat beoordeel is*

2.1.1 Appèl br L Kruger teen besluit van Partikuliere Sinode Noordwes, 21 November 2006 oor die wyse van Nagmaalviering te GK Kuruman.
2.1.2 Appèl 1 br HG Kruger teen besluit van Partikuliere Sinode Noordwes, November 2006.
2.1.3 Appèl GK Colesberg teen die uitsprake van die Suidelike Partikuliere Sinode, November 2006.
2.1.4 Appèl GK Suidkus teen die besluit van Partikuliere Sinode OVS+Natal, November 2006.
2.1.5 Appèl br NP Kruger teen 'n Kuratorebesluit November 2004.
2.1.6 Appèl van Klassis Etosha teen 'n besluit van Streeksinode Bosveld 2008.
2.1.7 Appèl 2 br HG Kruger teen 'n besluit van die Streeksinode Vrystaat en KwaZulu-Natal, 18/19 November 2008.

Besluit: Kennis geneem van 2.1.1 tot 2.1.7.

2.2 *Oorsig oor **Beswaarskrifte** met gepaardgaande dokumentasie wat beoordeel is*

2.2.1 Beswaarskrif – GK Orania teen die aanvaarding van 'n Verklaring van menseregte by Sinode 1985.
2.2.2 Beswaarskrif – GK Pretoria (Dolerend) teen die besluit om aansoek te doen om SARK lidmaatskap.
2.2.3 Beswaarskrif – Partikuliere Sinode Bosveld teen GKSA se lidmaatskap van die SARK.
2.2.4 Beswaarskrif – GK Oos-Moot teen 'n besluit van Sinode 2006 oor SARK en parlementêre lessenaar.
2.2.5 Beswaarskrif – GK Potchefstroom teen die besluit van Sinode 1964 oor wysiging KO, art 31.
2.2.6 Beswaarskrif – GK Parys teen 'n besluit van Sinode 2006, KO, art 4.
2.2.7 Beswaarskrif – GK Pretoria (Dolerend) teen besluite van Sinode 2006 oor nuwe "strukture" van meerdere vergaderings.

2.2.8 Beswaarskrif br AJ Burger – teen besluite van Nasionale Sinode Potchefstroom 1985 en 1997.
2.2.9 Beswaarskrif – br JL Kruger rakende die besluit van Sinode 2003 oor Nagmaalsviering.
2.2.10 Beswaarskrif – br JF Kruger rakende die besluit van Sinode 2003 oor Nagmaalsviering.
2.2.11 Beswaarskrif – Klassis Krugersdorp oor besluite van Sinode 2006 oor die vrou in die amp.
2.2.12 Beswaarskrif – GK Brits-Wes teen 'n besluit van Sinode 2006 oor vroue in die amp.
2.2.13 Beswaarskrif – br PE van der Dussen teen 'n besluit van Sinode 1982 – beswaar met 'n beroep op NGB, artt 27-29.
2.2.14 Beswaarskrif - Streeksinode Randvaal teen besluit van Sinode 2003 insake kasuistiek.
2.2.15 Beswaarskrif 1 – br N van der Dussen teen 'n besluit van Sinode 2003: Rapport Deputate Liturgiese Sake.
2.2.16 Beswaarskrif 2 – br N van der Dussen teen 'n besluit van Sinode 2003: die 2001-omdigting naas 1936-omdigting se plek in kerklike liturgie/lewe.
2.2.17 Beswaarskrif – KH + T Sattlegger teen 'n besluit van Sinode 2003 : die 2001-omdigting naas 1936-omdigting se plek in kerklike liturgie/lewe.
2.2.18 Beswaarskrif 3 – br NP Kruger teen 'n besluit van Sinode 2003 oor MA Kruger en eis teen GKSA.
2.2.19 Beswaarskrif – GK Wonderboompoort teen 'n besluit van die Kuratore 2006.
2.2.20 Beswaarskrif – Streeksinode Bosveld teen besluit van Sinode 2000.
2.2.21 Beswaarskrif – Streeksinode Bosveld teen besluit van die Sinode 1958.

Besluit: Kennis geneem van 2.2.1 tot 2.2.21.

2.3 *Moontlike betrokkenheid van Regsdeputate by besluite waarteen geappelleer / beswaar aangeteken word*

2.3.1 Persoonlike betrokkenheid van lede van die Kommissie is verreken. Alle aanbevelings van die Regskommissie is eenparig.

Besluit: Kennis geneem.

3. Die Sinode oorweeg

3.1 *Beoordeling van ontvanklikheid van **Appèlle***

3.1.1 Die prosedure soos bepaal deur Sinode 1939 (Acta, 1939:144-145, 1-5) – soos gewysig deur Sinodes 1964, 1973, 1985, 1991, 1997 – asook die vereistes van KO, art 46 is gevolg in die beoordeling van die ontvanklikheid van die onderskeie Appèlle.

3.1.2 Die volgende aspekte is spesifiek in ag geneem:

3.1.2.1 Kennisgewing van Appèl binne ses weke tydperk.
3.1.2.2 Weergawe van offisiële redaksie van besluit waarteen geappelleer word.
3.1.2.3 Gronde vir besware in eie woorde.
3.1.2.4 Skriftelike beskikbaarstelling (waar moontlik, verkieslik 14 dae voor meerdere vergadering). Kerkorde, art 46.

3.1.3 <u>Aanbeveling:</u> Die Sinode neem kennis.

Besluit: Kennis geneem.

3.2 *Beoordeling van ontvanklikheid van **Beswaarskrifte***

3.2.1 Die Sinode (Acta, 2003:43, 3.2) het Studiedeputate aangewys om die problematiek rondom die reikwydte van die besluite van Sinodes 1967, 1991 en 1994 (Acta, 1967:349-350, 1991:526-528 en 1994:51-55) te bestudeer en die Sinode hieroor te adviseer. Die Studiedeputate rapporteer later in die Sinode oor die reg van direkte toegang tot enige meerdere vergadering.

3.2.2 Intussen geld dieselfde vereistes vir ontvanklikheid van Beswaarskrifte soos deur Sinode 2003 (Acta, 2003:43, 3.2) goedgekeur. Die Kommissie het in die beoordeling van Beswaarskrifte die vereistes soos goedgekeur deur Sinode 2003 (Acta, 2003:43, 3.2) as vertrekpunt geneem.

3.2.3 Die volgende aspekte is spesifiek gebruik in die beoordeling:

3.2.3.1 Beswaar is teen bestaande Sinodebesluit.
3.2.3.2 Sinodebesluit is korrek weergegee.
3.2.3.3 Gronde vir besware in eie woorde.
3.2.3.4 Kerkorde, art 46.
3.2.4 Aanbeveling: Die Sinode neem kennis.
Besluit: Kennis geneem van 3.2.1 tot 3.2.4.

4. Die Sinode besluit
4.1 *Appèl br L Kruger teen besluit van Partikuliere Sinode Noordwes, 21 November 2006 oor die wyse van Nagmaalviering te GK Kuruman*
4.1.1 Tyd van kennisgewing
4.1.1.1 Besluit van Partikuliere Sinode Noordwes: 21 November 2006.
4.1.1.2 Kennisgewing van Appèl: 21 Februarie 2007 (ontvang op 07 Maart 2007).
4.1.2 Redaksie van besluit
4.1.2.1 Die amptelike redaksie van die besluit word deurgegee.
4.1.3 Gronde vir Appèl in eie woorde
4.1.3.1 Een grond word in eie woorde aangebied.
4.1.4 Inhandiging van Appèl
4.1.4.1 Die Appèl is betyds ingehandig.
4.1.5 Kerkorde, artikel 46
4.1.5.1 Daar word geappelleer teen ‘n besluit wat nie voorheen gedien het nie.
Besluit: Kennis geneem.
4.1.6 Aanbeveling
4.1.6.1 Die Appèl is ontvanklik.
4.1.6.2 Die Sinode wys ‘n Appèlkommissie aan om die Appèl te hanteer.
Besluit: Goedgekeur.

4.2 *Appèl 1: br HG Kruger teen besluit van Partikuliere Sinode Noordwes, November 2006*
4.2.1 Tyd van kennisgewing
4.2.1.1 Besluit van Partikuliere Sinode Noordwes: 21 November 2006.
4.2.1.2 Kennisgewing van Appèl: 08 Maart 2007 (Brief aan Sinode 2008: 12 November 2004 – dalk tikfout).
4.2.2 Redaksie van besluit
4.2.2.1 Die amptelike redaksie van die besluit is aangeheg.
4.2.3 Gronde vir Appèl in eie woorde
4.2.3.1 Twee gronde word in eie woorde aangebied.
4.2.4 Inhandiging van Appèl
4.2.4.1 Die Appèl is betyds beskikbaar gestel.
4.2.5 Kerkorde, artikel 46
4.2.5.1 Daar word geappelleer teen ‘n besluit wat nie voorheen gedien het nie.
Besluit: Kennis geneem.
4.2.6 Aanbeveling
4.2.6.1 Die Appèl is ontvanklik.
4.2.6.2 Die Sinode wys ‘n Appèlkommissie aan om die Appèl te hanteer.
Besluit: Goedgekeur.

4.3 *Appèl GK Colesberg teen die uitsprake van die Suidelike Partikuliere Sinode, November 2006*
4.3.1 Die GK Colesberg gee skriftelik kennis van Appèl op 09/01/07.
4.3.2 Die Appèl word skriftelik teruggetrek op 11/11/08.
Besluit: Kennis geneem.

4.4 *Appèl GK Suidkus teen die besluit van Partikuliere Sinode OVS+Natal, November 2006*
4.4.1 Die GK Suidkus gee skriftelik kennis van Appèl op 01/01/06.

4.4.2 Die Appèl word skriftelik teruggetrek op 12/11/08.
Besluit: Kennis geneem.

4.5 *Appèl br NP Kruger teen 'n Kuratorebesluit November 2004*
4.5.1 Tyd van kennisgewing
4.5.1.1 Besluit van Kuratore: 20 Oktober 2004.
4.5.1.2 Kennisgewing van Appèl: Uit die stukke beskikbaar (soos deur die appellant ingedien) blyk dit dat die appellant nie binne die toegelate tydperk kennis van Appèl gegee het nie.
4.5.2 Redaksie van besluit
4.5.2.1 Die amptelike redaksie van die besluit is aangehaal.
4.5.3 Gronde vir beswaar in eie woorde
4.5.3.1 Die Appèlstuk word as 'n Appèl aangebied maar die appellant toon nie duidelik beredeneerde Appèlgronde aan nie.
4.5.4 Inhandiging van Appèl
4.5.4.1 Die Appèl is betyds beskikbaar gestel.
4.5.5 Kerkorde, artikel 46
4.5.5.1 Daar word geappelleer teen 'n besluit wat nie voorheen gedien het nie.
Besluit: Kennis geneem.
4.5.6 Aanbeveling
4.5.6.1 Die Appèlstuk word onontvanklik verklaar.
Besluit: Goedgekeur.

4.6 *Appèl van Klassis Etosha teen 'n besluit van Streeksinode Bosveld 2008*
4.6.1 Tyd van kennisgewing
4.6.1.1 Besluit van Streeksinode Bosveld: 17 November 2006.
4.6.1.2 Kennisgewing van Appèl: 21 November 2008.
4.6.2 Redaksie van besluit
4.6.2.1 Die amptelike redaksie van die besluit is aangeheg.
4.6.3 Gronde vir beswaar in eie woorde
4.6.3.1 Vyf Appèlgronde word in eie woorde aangebied.
4.6.4 Inhandiging van Appèl
4.6.4.1 Die Appèl is betyds beskikbaar gestel.
4.6.5 Kerkorde, artikel 46
4.6.5.1 Daar word geappelleer teen 'n besluit wat nie voorheen gedien het nie.
Besluit: Kennis geneem.
4.6.6 Aanbeveling
4.6.6.1 Die Appèl is ontvanklik.
4.6.6.2 Die Sinode wys 'n Appèlkommissie aan om die Appèl te hanteer.
Besluit: Goedgekeur.

4.7 *Appèl 2 HG Kruger teen 'n besluit van die Streeksinode Vrystaat en KwaZulu-Natal, 18/19 November 2008*
4.7.1 Kennis van Appèl ontvang 01 Desember 2008.
4.7.2 Die Appèlstuk is nog nie beskikbaar nie.
4.7.3 Aanbeveling
4.7.3.1 Dat in die Tweede Rapport oor die Appèl se ontvanklikheid gerapporteer word.
Besluit: Goedgekeur.

BESWAARSKRIFTE

4.8 *Beswaarskrif – GK Orania teen die aanvaarding van 'n Verklaring van menseregte by Sinode 1985*

4.8.1 Teen bestaande Sinodebesluit

4.8.1.1 Gerig teen Sinodebesluite van 1985 (Acta:651).

4.8.2 Weergawe van Sinodebesluit

4.8.2.1 Besluite word woordeliks weergegee.

4.8.3 Gronde vir beswaar in eie woorde

4.8.3.1 Gronde vir die beswaar word in eie woorde weergegee waarom besluit hersien moet word.

4.8.4 Kerkorde, artikel 46

4.8.4.1 Die inhoud van die Beswaarskrif het nie voorheen op die Sinode gedien nie.

Besluit: Kennis geneem.

4.8.5 Aanbeveling

4.8.5.1 Die Beswaarskrif is ontvanklik.

4.8.5.2 Die Sinode wys 'n Kommissie aan om die Beswaarskrif te hanteer.

Besluit: Goedgekeur.

4.9 *Beswaarskrif – GK Pretoria (Dolerend) teen die besluit om aansoek te doen om SARK lidmaatskap*

4.9.1 Teen bestaande Sinodebesluit

4.9.1.1 Gerig teen Sinodebesluite van 2006 (http://www.gksa.org.za/sinode2006/Acta2006.pdf op 18 Januarie 2008).

4.9.2 Weergawe van Sinodebesluit

4.9.2.1 Besluite word woordeliks weergegee soos op die GKSA webwerf verkry.

4.9.3 Gronde vir beswaar in eie woorde

4.9.3.1 Vier gronde van beswaar word aangevoer waarom die besluit van 2006 hersien moet word.

4.9.4 Kerkorde, artikel 46

4.9.4.1 Die inhoud van die beswaar is nie op vorige Sinodes behandel nie.

Besluit: Kennis geneem.

4.9.5 Aanbeveling

4.9.5.1 Die Beswaarskrif is ontvanklik.

4.9.5.2 Die Sinode wys 'n Kommissie aan om die Beswaarskrif te hanteer.

Besluit: Goedgekeur.

4.10 *Beswaarskrif – Partikuliere Sinode Bosveld teen GKSA se lidmaatskap van die SARK*

4.10.1 Teen bestaande Sinodebesluit

4.10.1.1 Gerig teen Sinodebesluite van 2006 (Acta:172-175).

4.10.2 Weergawe van Sinodebesluit

4.10.2.1 Besluite word woordeliks weergegee soos in Acta 2006.

4.10.3 Gronde vir beswaar in eie woorde

4.10.3.1 Vier gronde van beswaar word aangevoer waarom die besluit van 2006 hersien moet word.

4.10.4 Kerkorde, artikel 46

4.10.4.1 Die inhoud van die beswaar is nie op vorige Sinodes behandel nie.

Besluit: Kennis geneem.

4.10.5 Aanbeveling

4.10.5.1 Die Beswaarskrif is ontvanklik.

4.10.5.2 Die Sinode wys 'n Kommissie aan om die Beswaarskrif te hanteer.

Besluit: Goedgekeur.

4.11 *Beswaarskrif – GK Oos-Moot teen 'n besluit van Sinode 2006 oor SARK en parlementêre lessenaar*

4.11.1 Teen bestaande Sinodebesluit

4.11.1.1 Gerig teen Sinodebesluite van 2006 (Acta:172-175, art 14.1).

4.11.2 Weergawe van Sinodebesluit

4.11.2.1 Besluite word woordeliks weergegee soos in Acta 2006.

4.11.3 Gronde vir beswaar in eie woorde

4.11.3.1 Vier gronde van beswaar word aangevoer waarom die besluit van 2006 hersien moet word.

4.11.4 Kerkorde, artikel 46

4.11.4.1 Die inhoud van die beswaar is nie op vorige Sinodes behandel nie.

Besluit: Kennis geneem.

4.11.5 Aanbeveling

4.11.5.1 Die Beswaarskrif is ontvanklik.

4.11.5.2 Die Sinode wys 'n Kommissie aan om die Beswaarskrif te hanteer

Besluit: Goedgekeur.

4.12 *Beswaarskrif – GK Potchefstroom teen die besluit van Sinode 1964 oor wysiging KO, art 31*

4.12.1 Teen bestaande Sinodebesluit

4.12.1.1 Gerig teen Sinodebesluite van 1964 (Acta:73, 35).

4.12.2 Weergawe van Sinodebesluit

4.12.2.1 Besluite word woordeliks weergegee soos in Acta 1964.

4.12.3 Gronde vir beswaar in eie woorde

4.12.3.1 Vier gronde van beswaar word aangevoer waarom die besluit van 1964 hersien moet word.

4.12.4 Kerkorde, artikel 46

4.12.4.1 Die inhoud van die beswaar is nie op vorige Sinodes behandel nie.

Besluit: Kennis geneem.

4.12.5 Aanbeveling

4.12.5.1 Die Beswaarskrif is ontvanklik.

4.12.5.2 Die Sinode wys 'n Kommissie aan om die Beswaarskrif te hanteer.

Besluit: Goedgekeur.

4.13 *Beswaarskrif – GK Parys teen 'n besluit van Sinode 2006, KO, art 48*

4.13.1 Teen bestaande Sinodebesluit

4.13.1.1 Gerig teen Sinodebesluit van 2006 (Acta 2006:391, art 19.2).

4.13.2 Weergawe van Sinodebesluit

4.13.2.1 Besluite word woordeliks weergegee soos in Acta 2006.

4.13.3 Gronde vir beswaar in eie woorde

4.13.3.1 Twee gronde van beswaar word aangevoer waarom die besluit van 2006 hersien moet word.

4.13.4 Kerkorde, artikel 46

4.13.4.1 Die inhoud van die beswaar is nie op vorige Sinodes behandel nie.

Besluit: Kennis geneem.

4.13.5 Aanbeveling

4.13.5.1 Die Beswaarskrif is ontvanklik.

4.13.5.2 Die Sinode wys 'n Kommissie aan om die Beswaarskrif te hanteer.

Besluit: Goedgekeur.

4.14 *Beswaarskrif – GK Pretoria (Dolerend) teen besluite van Sinode 2006 oor nuwe "strukture" van meerdere vergaderings*

4.14.1 Teen bestaande Sinodebesluit

4.14.1.1 Gerig teen Sinodebesluit van 2006 (Acta 2006:391, art 19.2).

4.14.2 Weergawe van Sinodebesluit
4.14.2.1 Besluite word woordeliks weergegee soos in Acta 2006.
4.14.3 Gronde vir beswaar in eie woorde
4.14.3.1 Vier gronde van beswaar word aangevoer waarom die besluit van 2006 hersien moet word.
4.14.4 Kerkorde, artikel 46
4.14.4.1 Die inhoud van die beswaar is nie op vorige Sinodes behandel nie.
Besluit: Kennis geneem.
4.14.5 Aanbeveling
4.14.5.1 Die Beswaarskrif is ontvanklik.
4.14.5.2 Die Sinode wys ‘n Kommissie aan om die Beswaarskrif te hanteer.
Besluit: Goedgekeur.

4.15 *Beswaarskrif br AJ Burger – teen besluite van Nasionale Sinode Potchefstroom 1985 en 1997*
4.15.1 Teen bestaande Sinodebesluit
4.15.1.1 Gerig teen Sinodebesluite van 1985 (Acta 1985:354-357) en 1997 (Acta:562).
4.15.2 Weergawe van Sinodebesluit
4.15.2.1 Besluite word woordeliks weergegee soos in Acta GKSA 1985 en 1997.
4.15.3 Gronde vir beswaar in eie woorde
4.15.3.1 Beswaar word aangevoer waarom die besluite van 1985 en 1997 hersien moet word.
4.15.4 Kerkorde, artikel 46
4.15.4.1 Die inhoud van die beswaar is nie op vorige Sinodes behandel nie.
Besluit: Kennis geneem.
4.15.5 Aanbeveling
4.15.5.1 Die Beswaarskrif is ontvanklik.
4.15.5.2 Die Sinode wys ‘n Kommissie aan om die Beswaarskrif te hanteer.
Besluit: Goedgekeur.

4.16 *Beswaarskrif – br JL Kruger rakende die besluit van Sinode 2003 oor Nagmaalsviering*
4.16.1 Teen bestaande Sinodebesluit
4.16.1.1 Gerig teen Sinodebesluite van 2003 (Acta 2003, Punt F).
4.16.2 Weergawe van Sinodebesluit
4.16.2.1 Besluite word woordeliks weergegee soos in Acta 2003.
4.16.3 Gronde vir beswaar in eie woorde
4.16.3.1 Twee beswaargronde word aangevoer waarom die besluite van 2003 hersiening nodig sou wees.
4.16.4 Kerkorde, artikel 46
4.16.4.1 Die inhoud van die beswaar is nie op vorige Sinodes behandel nie.
Besluit: Kennis geneem.
4.16.5 Aanbeveling
4.16.5.1 Die Beswaarskrif is ontvanklik.
4.16.5.2 Die Sinode wys ‘n Kommissie aan om die Beswaarskrif te hanteer.
Besluit: Goedgekeur.

4.17 *Beswaarskrif – br JF Kruger rakende die besluit van Sinode 2003 oor Nagmaalsviering*
4.17.1 Teen bestaande Sinodebesluit
4.17.1.1 Gerig teen Sinodebesluite van 2003 (Acta, Punt F).
4.17.2 Weergawe van Sinodebesluit
4.17.2.1 Besluite word woordeliks weergegee soos in Acta 2003.
4.17.3 Gronde vir beswaar in eie woorde
4.17.3.1 Vier beswaargronde word aangevoer waarom die besluite van 2003 hersiening nodig het.

4.17.4 Kerkorde, artikel 46
4.17.4.1 Die inhoud van die beswaar is nie op vorige Sinodes behandel nie.
Besluit: Kennis geneem.
4.17.5 Aanbeveling
4.17.5.1 Die Beswaarskrif is ontvanklik.
4.17.5.2 Die Sinode wys ‘n Kommissie aan om die Beswaarskrif te hanteer.
Besluit: Goedgekeur.

4.18 *Beswaarskrif – Klassis Krugersdorp oor besluite van Sinode 2006 oor die vrou in die amp*
4.18.1 Aanbeveling
4.18.1.1 Dat in die Aanvullende Rapport oor die ontvanklikheid van hierdie Beswaarskrif gerapporteer word.
Besluit: Goedgekeur.

4.19 *Beswaarskrif – GK Brits-Wes teen ‘n besluit van Sinode 2006 oor vroue in die amp*
4.19.1 Teen bestaande Sinodebesluit
4.19.1.1 Gerig teen Sinodebesluite van 2006 (Acta:415-416, art 54,3).
4.19.2 Weergawe van Sinodebesluit
4.19.2.1 Besluite word woordeliks weergegee soos in Acta 2006.
4.19.3 Gronde vir beswaar in eie woorde
4.19.3.1 Beswaar word aangevoer waarom die besluit van 2006 hersiening nodig het.
4.19.4 Kerkorde, artikel 46
4.19.4.1 Die inhoud van die beswaar is nie op vorige Sinodes behandel nie.
Besluit: Kennis geneem.
4.19.5 Aanbeveling
4.19.5.1 Die Beswaarskrif is ontvanklik.
4.19.5.2 Die Sinode wys ‘n Kommissie aan om die Beswaarskrif te hanteer.
Besluit: Goedgekeur.

4.20 *Beswaarskrif – br PE van der Dussen teen ‘n besluit van Sinode 1982 – beswaar met ‘n beroep op NGB, artt 27-29*
4.20.1 Teen bestaande Sinodebesluit
4.20.1.1 Gerig teen Sinodebesluit van 1982 (Acta:383vv).
4.20.2 Weergawe van Sinodebesluit
4.20.2.1 Besluite word woordeliks weergegee soos in Acta 1982.
4.20.3 Gronde vir beswaar in eie woorde
4.20.3.1 Agt gronde van beswaar word aangevoer waarom die besluit van 1982 hersien moet word.
4.20.4 Kerkorde, artikel 46
4.20.4.1 Die inhoud van die beswaar is nie op vorige Sinodes behandel nie.
Besluit: Kennis geneem.
4.20.5 Aanbeveling
4.20.5.1 Die Beswaarskrif is ontvanklik.
4.20.5.2 Die Sinode wys ‘n Kommissie aan om die Beswaarskrif te hanteer.
Besluit: Goedgekeur.

4.21 *Beswaarskrif – Streeksinode Randvaal teen besluit van Sinode 2003 insake kasuïstiek*
4.21.1 Teen bestaande Sinodebesluit
4.21.1.1 Gerig teen Sinodebesluit van 2003 (Acta:555).
4.21.2 Weergawe van Sinodebesluit
4.21.2.1 Besluite word woordeliks weergegee soos in Acta 2003.
4.21.3 Gronde vir beswaar in eie woorde
4.21.3.1 ‘n Beswaar met onderafdelings word aangevoer waarom die besluit van 2003 hersien moet word.

4.21.4 Kerkorde, artikel 46
4.21.4.1 Die inhoud van die beswaar is nie op vorige Sinodes behandel nie.
Besluit: Kennis geneem.
4.21.5 Aanbeveling
4.21.5.1 Die Beswaarskrif is ontvanklik.
4.21.5.2 Die Sinode wys ‘n Kommissie aan om die Beswaarskrif te hanteer.
Besluit: Goedgekeur.

4.22 *Beswaarskrif 1 – br N van der Dussen teen ‘n besluit van Sinode 2003 : Rapport Deputate Liturgiese Sake*
4.22.1 Teen bestaande Sinodebesluit
4.22.1.1 Gerig teen Sinodebesluit van 2003 (http://www.gksa.co.za/sinode2003/liturgies/rapport.htm).
4.22.2 Weergawe van Sinodebesluit
4.22.2.1 Besluite word woordeliks weergegee soos op GKSA webwerf.
4.22.3 Gronde vir beswaar in eie woorde
4.22.3.1 Drie gronde van beswaar word aangevoer waarom die besluit van 2003 hersien moet word.
4.22.4 Kerkorde, artikel 46
4.22.4.1 Die inhoud van die beswaar is nie op vorige Sinodes behandel nie.
Besluit: Kennis geneem.
4.22.5 Aanbeveling
4.22.5.1 Die Beswaarskrif is ontvanklik.
4.22.5.2 Die Sinode wys ‘n Kommissie aan om die Beswaarskrif te hanteer.
Besluit: Goedgekeur.

4.23 *Beswaarskrif 2 – br N van der Dussen teen ‘n besluit van Sinode 2003 : die 2001-omdigting naas 1936-omdigting se plek in kerklike liturgie/lewe*
4.23.1 Aanbeveling
4.23.1.1 Dat in die Tweede Rapport oor die ontvanklikheid van hierdie Beswaarskrif gerapporteer word.
Besluit: Goedgekeur.

4.24 *Beswaarskrif – KH + T Sattlegger teen ‘n besluit van Sinode 2003 : die 2001-omdigting naas 1936-omdigting se plek in kerklike liturgie/lewe*
4.24.1 Teen bestaande Sinodebesluit
4.24.1.1 Gerig teen Sinodebesluit van 2003 (Acta:643,644).
4.24.2 Weergawe van Sinodebesluit
4.24.2.1 Besluite word woordeliks weergegee soos in Acta 2003.
4.24.3 Gronde vir beswaar in eie woorde
4.24.3.1 Ses beswaargronde word aangevoer waarom die besluit van 2003 hersien moet word.
4.24.4 Kerkorde, artikel 46
4.24.4.1 Dieselfde gronde as in die afgehandelde beswaar van AH Bogaards in Sinode GKSA (2006) word weer aangevoer. Dit blyk dat daar sterk ooreenstemming bestaan tussen die twee bogenoemde Beswaarskrifte.
4.24.4.2 Die *nescessitas* waarom dieselfde gronde weer deur die Sinode beoordeel moet word, is nie in die Beswaarskrif aangedui nie.
Besluit: Kennis geneem.
4.24.5 Aanbeveling
4.24.5.1 Die Beswaarskrif word onontvanklik verklaar op grond van Kerkorde, artikel 46.
Besluit: Goedgekeur. Die gewysigde Beswaarskrif, ontvang en gedateer 1 Januarie 2009, word verwys na Kommissie Appèlle en Beswaarskrifte vir aanbeveling.

4.25 *Beswaarskrif 1 – br NP Kruger teen 'n besluit van Sinode 2000 oor MA Kruger*
4.25.1 Aanbeveling
4.25.1.1 Dat in die Tweede Rapport oor die ontvanklikheid van hierdie Beswaarskrif gerapporteer word.
Besluit: Goedgekeur.

4.26 *Beswaarskrif 2 – br NP Kruger teen 'n besluit van Sinode 2003 oor MA Kruger*
4.26.1 Aanbeveling
4.26.1.1 Dat in die Tweede Rapport oor die ontvanklikheid van hierdie Beswaarskrif gerapporteer word.
Besluit: Goedgekeur.

4.27 *Beswaarskrif 3 – br NP Kruger teen 'n besluit van Sinode 2003 oor MA Kruger en eis teen GKSA*
4.27.1 Aanbeveling
4.27.1.1 Dat in die Tweede Rapport oor die ontvanklikheid van hierdie Beswaarskrif gerapporteer word.
Besluit: Goedgekeur.

4.28 *Beswaarskrif – GK Wonderboompoort teen 'n besluit van die Kuratore 2006*
4.28.1 Teen bestaande Sinodebesluit
4.28.1.1 Die Beswaarskrif is gerig teen 'n besluit van die Kuratore (*synodus contracta*) soos per brief van 20 Junie 2008 aan die Beswaardes oorgedra is.
4.28.2 Weergawe van Sinodebesluit
4.28.2.1 Die besluit is weergegee soos die Kuratore dit verwoord het in die brief van 20 Junie 2008.
4.28.3 Gronde vir beswaar in eie woorde
4.28.3.1 Twee beswaargrond word aangevoer waarom die besluit van die Kuratore 2006 hersien moet word.
4.28.4 Kerkorde, artikel 46
4.28.4.1 Die inhoud van die beswaar is nie op vorige Sinodes behandel nie.
4.28.5 Aanbeveling
4.28.5.1 Die Beswaarskrif is ontvanklik.
4.28.5.2 Die Sinode wys 'n Kommissie aan om die Beswaarskrif te hanteer
Besluit: Die saak word terugverwys na die Kommissie vir Appèlle en Beswaarskrifte.

4.29 *Beswaarskrif – Streeksinode Bosveld teen besluit van Sinode 2000*
4.29.1 Teen bestaande Sinodebesluit
4.29.1.1 Gerig teen Sinodebesluit van 2000 (Acta:357).
4.29.2 Weergawe van Sinodebesluit
4.29.2.1 Besluite word woordeliks weergegee soos in Acta 2000.
4.29.3 Gronde vir beswaar in eie woorde
4.29.3.1 'n Beswaar met onderafdelings word aangevoer waarom die besluit van 2000 hersien moet word.
4.29.4 Kerkorde, artikel 46
4.29.4.1 Die inhoud van die beswaar is nie op vorige Sinodes behandel nie.
Besluit: Kennis geneem.
4.29.5 Aanbeveling
4.29.5.1 Die Beswaarskrif is ontvanklik.
4.29.5.2 Die Sinode wys 'n Kommissie aan om die Beswaarskrif te hanteer.
Besluit: Goedgekeur.

4.30 *Beswaarskrif – Streeksinode Bosveld teen besluit van die Sinode 1958*
4.30.1 Teen bestaande Sinodebesluit
4.30.1.1 Gerig teen Sinodebesluit van 1958 (Acta:42).

4.30.2 Weergawe van Sinodebesluit
4.30.2.1 Besluite word woordeliks weergegee soos in Acta 1958.
4.30.3 Gronde vir beswaar in eie woorde
4.30.3.1 'n Beswaar met onderafdelings word aangevoer waarom die besluit van 1958 hersien moet word.
4.30.4 Kerkorde, artikel 46
4.30.4.1 Die inhoud van die beswaar is nie op vorige Sinodes behandel nie.
Besluit: Kennis geneem.
4.30.5 Aanbeveling
4.30.5.1 Die Beswaarskrif is ontvanklik.
4.30.5.2 Die Sinode wys 'n Kommissie aan om die Beswaarskrif te hanteer.
Besluit: Goedgekeur.

F. TWEEDE RAPPORT

1. Opdrag

1.1 Kyk *Eerste Rapport* hierbo.
1.2 Net uitstaande beoordelings en stukke ontvang na die eerste vergadering van die Deputate word in die *Tweede Rapport* hanteer.
Besluit: Kennis geneem.

2. Sinode neem kennis

2.1 *Oorsig oor **Appèlle** met gepaardgaande dokumentasie wat beoordeel is*
Appèl 2 van br Gert Kruger teen 'n besluit van die Streeksinode Vrystaat en KwaZulu-Natal, 18/19 November 2008 (4.7 van *Eerste Rapport*).
2.2 *Oorsig oor **Beswaarskrifte** met gepaardgaande dokumentasie wat beoordeel is*
2.2.1 Beswaarskrif – Klassis Krugersdorp oor besluite van Sinode 2006 oor die vrou in die amp (4.18 van *Eerste Rapport*).
2.2.2 Beswaarskrif – Streeksinode Randvaal teen besluit van Sinode 2003 insake kasuïstiek (4.21 van *Eerste Rapport*).
2.2.3 Beswaarskrif 2 – br N van der Dussen teen 'n besluit van Sinode 2003: die 2001-omdigting naas 1936-omdigting se plek in kerklike liturgie/lewe (4.23 van *Eerste Rapport*).
2.2.4 Beswaarskrif – KH + T Sattlegger teen 'n besluit van Sinode 2003 : die 2001-omdigting naas 1936-omdigting se plek in kerklike liturgie/lewe (4.24 van *Eerste Rapport*).
2.2.5 Beswaarskrif 1 – br NP Kruger teen 'n besluit van Sinode 2003 oor MA Kruger en eis teen GKSA (4.25 van *Eerste Rapport*).
2.2.6 Beswaarskrif 2 – br NP Kruger teen 'n besluit van Sinode 2003 oor MA Kruger en eis teen GKSA (4.26 van *Eerste Rapport*).
2.2.7 Beswaarskrif 3 – br NP Kruger teen 'n besluit van Sinode 2003 oor MA Kruger en eis teen GKSA (4.27 van *Eerste Rapport*).
2.2.8 Beswaarskrif – GK Wonderboompoort teen 'n besluit van die Kuratore 2006 (4.28 van *Eerste Rapport*).
Besluit: Kennis geneem van 2.2.1 tot 2.2.8.
2.3 *Moontlike betrokkenheid van Regsdeputate by besluite waarteen geappelleer / beswaar aangeteken word*
2.3.1 Persoonlike betrokkenheid van lede van die Kommissie is verreken. Alle aanbevelings van die Regskommissie is eenparig.
Besluit: Kennis geneem.

3. Die Sinode oorweeg

3.1 *Beoordeling van ontvanklikheid van **Appèlle en Beswaarskrifte***
3.1.1 Die prosedure soos onderskeidelik uiteengesit in 3.1 en 3.2 van die *Eerste Rapport* is gevolg.

Aanbeveling
3.1.2 Die Sinode neem kennis.
Besluit: Kennis geneem.

4. Die Sinode besluit
4.1 *Appèl 2 – HG Kruger teen 'n besluit van die Streeksinode Vrystaat en KwaZulu-Natal, 18/19 November 2008 (4.7 van Eerste Rapport)*
4.1.1 Tyd van kennisgewing
4.1.1.1 Besluit van Streeksinode Vrystaat en Kwazulu-Natal is op 18/19 November 2008.
4.1.1.2 Kennisgewing van Appèl is op 1 Desember 2008.
4.1.2 Redaksie van besluit
4.1.2.1 Die besluit word woordeliks weergegee met die betrokke gedeelte van die Notule van die Streeksinode as Bylae aangeheg. Daar is egter 'n datumfout 2006 ipv 2008.
4.1.3 Gronde vir Appèl in eie woorde
4.1.3.1 Twee gronde van Appèl met motivering word aangebied.
4.1.4 Inhandiging van Appèl
4.1.4.1 Die Appèl is betyds – op 18 Desember 2008 beskikbaar gestel.
4.1.5 Kerkorde, artikel 46
4.1.5.1 Die Appèl handel oor 'n saak wat nie voorheen gedien het nie.
Besluit: Kennis geneem.
4.1.6 Aanbeveling
4.1.6.1 Die Appèl is ontvanklik.
4.1.6.2 Die Sinode wys 'n Appèlkommissie aan om die Appèl te hanteer.
Besluit: Goedgekeur in die lig van 4.5.1 tot 4.5.1.4.

4.2 *Beswaarskrif – Klassis Krugersdorp oor besluite van Sinode 2006 oor die vrou in die amp (4.18 van Eerste Rapport)*
4.2.1 Teen bestaande Sinodebesluit
4.2.1.1 Gerig teen Sinodebesluite van 2006 (Acta:412, 2,3).
4.2.2 Weergawe van Sinodebesluit
4.2.2.1 Besluite word woordeliks weergegee.
4.2.3 Gronde vir beswaar in eie woorde
4.2.3.1 Gronde vir die beswaar word in eie woorde weergegee, toegespits op kerkregtelike beredenering.
4.2.4 Kerkorde, artikel 46
4.2.4.1 Daar is na afloop van die besluit waarteen beswaar gemaak word, wel twee verdere besluite oor die saak geneem, maar dit bring egter nie die beswaar (kragtens KO, artikel 46) in gedrang nie. Die beswaar handel oor die feit dat die Beswaarskrif van Part Sinode Bosveld geslaag het, en is daarom 'n nuwe saak.
Besluit: Kennis geneem.
4.2.5 Aanbeveling
4.2.5.1 Die Beswaarskrif is ontvanklik.
4.2.5.2 Die Sinode wys 'n Kommissie aan om die Beswaarskrif te hanteer.
Besluit: Goedgekeur in die lig van 4.2.1 tot 4.2.4.1.

4.3 *Beswaarskrif – Streeksinode Randvaal teen besluit van Sinode 2003 insake kasuïstiek (4.21 van Eerste Rapport)*
4.3.1 Teen bestaande Sinodebesluit
4.3.1.1 Gerig teen Sinodebesluit van 2003 (Acta:555).
4.3.2 Weergawe van Sinodebesluit
4.3.2.1 Besluite word woordeliks weergegee soos in Acta 2003.
4.3.3 Gronde vir beswaar in eie woorde
4.3.3.1 'n Beswaar met onderafdelings word aangevoer waarom die besluit van 2003 hersien moet word.

4.3.4 Kerkorde, artikel 46

4.3.4.1 Die inhoud van die beswaar is nie op vorige Sinodes behandel nie.

4.3.5 Aanbeveling

4.3.5.1 Die Beswaarskrif is ontvanklik.

4.3.5.2 Die Sinode wys ‘n Kommissie aan om die Beswaarskrif te hanteer.

Besluit: Die saak (pt 4.3) word terugverwys na die Kommissie. Kyk verdere besluite by Derde Rapport by 4.2.

4.4 *Beswaarskrif 2 – br N van der Dussen teen ‘n besluit van Sinode 2003 : die 2001-omdigting naas 1936-omdigting se plek in kerklike liturgie/lewe (4.23 van Eerste Rapport)*

4.4.1 Teen bestaande Sinodebesluit

4.4.1.1 Gerig teen Sinodebesluit van 2003 (p642, 3.2.2).

4.4.2 Weergawe van Sinodebesluit

4.4.2.1 Besluite word woordeliks weergegee soos op GKSA webwerf.

4.4.3 Gronde vir beswaar in eie woorde

4.4.3.1 Drie gronde van beswaar word aangevoer waarom die besluit van 2003 hersien moet word.

4.4.4 Kerkorde, artikel 46

4.4.4.1 Die inhoud van die beswaargronde sentreer oor die werkswyse van die Deputate ten opsigte van die kommentaar vanuit die kerke.

4.4.4.2 Die eerste beswaargrond (wesenlike beswaargrond – vgl eie woorde) handel oor ’n beweerde voorafbesluitneming deur die Deputate oor hul aanbeveling insake die 2001-omdigting – voordat die kommentaar ingewin is. Hierdie saak het nog nie voorheen aandag gekry nie.

4.4.4.3 Die tweede en derde beswaargronde handel oor die wyse waarop die kommentaar op die 2001-omdigting deur die Deputate en Sinode 2003 hanteer is. Hieroor het reeds tydens Sinode 2006 ’n Beswaarskrif van GK Pretoria-Rooiwal (Acta 2006:636, 21.6) gedien – met gevolg dat die saak ingevolge KO, artikel 46 nie weer kan dien nie.

Besluit: Kennis geneem.

4.4.5 Aanbeveling

4.4.5.1 Net beswaargrond 1 van die Beswaarskrif is ontvanklik.

4.4.5.2 Die Sinode wys ‘n Kommissie aan om die Beswaarskrif (beswaargrond 1 te hanteer.

Besluit: Die Aanbeveling word nie goedgekeur nie en die Beswaarskrif word ontvanklik verklaar.

4.5 *Beswaarskrif – KH + T Sattlegger teen ‘n besluit van Sinode 2003 : die 2001-omdigting naas 1936-omdigting se plek in kerklike liturgie/lewe (vergelyk 4.24 van Eerste Rapport)*

4.5.1 Laatgekome beswaar

4.5.1.1 Die Beswaarskrif (gedateer 1 Januarie 2009) is by die Sinode ingedien as ‘n opgedateerde beswaar van ‘n vorige beswaar wat hierdie Sinode onontvanklik verklaar het.

4.5.1.2 Die opgedateerde beswaar handel oor dieselfde besluit, maar dit blyk dat Beswaargronde 1-4 (wat by die vorige uitgawe van die besluit, KO, artikel 46 in gedrang gebring het) weggelaat is en dat Beswaargronde 5 en 6 uitgebrei is om vier nuwe beswaargronde te vorm.

4.5.1.3 In ‘n skrywe van die Administratiewe Buro (gedateer 12 Mei 2008) is die beswaardes daaraan herinner dat die Beswaar voor 30 Junie 2008 ingehandig moet word.

4.5.1.4 U kommissie oordeel dat dit onordelik sou wees om die Beswaar op so ‘n laat stadium in hierdie Sinode ter tafel te neem.

Besluit: Kennis geneem.

4.5.2 Aanbeveling

4.5.2.1 Die opgedateerde Beswaarskrif word onontvanklik vir hierdie Sinode verklaar.

Besluit: Goedgekeur in die lig van 4.5.1 tot 4.5.1.4.

4.6 *Beswaarskrif 1 – br NP Kruger teen 'n besluit van Sinode 2000 oor MA Kruger (4.25 van Eerste Rapport)*

4.6.1 Teen bestaande Sinodebesluit

4.6.1.1 Die besluit waarteen beswaar gemaak word, is nie duidelik aangehaal nie.

4.6.2 Weergawe van Sinodebesluit

4.6.2.1 Besluite is nie woordeliks weergegee nie.

4.6.3 Gronde vir beswaar in eie woorde

4.6.3.1 Die "Motivering" wat aangebied word (1-5) kan nie as beswaargronde beskou word nie, omdat dit nie op grond van Skrif, Belydenis en Kerkorde beredeneer word nie.

4.6.3.2 Die sogenaamde Beswaarskrif is 'n weergawe van die historiese verloop van die saak, sonder om konkrete beswaargronde aan te voer (vgl 1.1.2).

4.6.3.3 Die bedoeling van die beswaarde word duidelik uit die laaste woorde van die Beswaarskrif, "Die Kuratore is myns insiens tugwaardig". Hierdie bewoording wek die indruk van 'n krag teen die Kuratore.

4.6.3.4 Kragtens 'n skrywe van die Kuratore (05/02/2008) is die weg van klaglegging teen die Kuratore by die Algemene Sinode as moontlikheid aangedui.

4.6.4 Kerkorde, artikel 46

4.6.4.1 Die inhoud van die Beswaarskrif het nie voorheen op die Sinode gedien nie.

Besluit: Kennis geneem.

4.6.5 Aanbeveling

4.6.5.1 Die Beswaarskrif word onontvanklik verklaar.

Besluit: Goedgekeur met toevoeging van 4.6.3.3 as motivering in die lig van 4.6.1 tot 4.6.4.1.

4.7 *Beswaarskrif 2 – br NP Kruger teen 'n besluit van Sinode 2000 oor MA Kruger (4.26 van Eerste Rapport)*

4.7.1 Teen bestaande Sinodebesluit

4.7.1.1 Gerig teen Sinodebesluit van 2003 (Acta:717).

4.7.2 Weergawe van Sinodebesluit

4.7.2.1 Die besluit is nie volledig aangehaal nie: Die besluit oor 3.1.2.2 tot 3.1.2.4 is "Goedgekeur".

4.7.3 Gronde vir beswaar in eie woorde

4.7.3.1 Soos in die Eerste Beswaarskrif dien "Motivering" waarskynlik as die gronde van beswaar. Daar is wel verwysing na en beredenering van Belydenis en Skrif, sonder om dit as beswaargronde aan te toon.

4.7.3.2 Al vier gronde hou verband met beweerde oortreding van die Negende Gebod deur die Kuratore en bied nie afsonderlike beswaargronde nie.

4.7.3.3 Die inhoud van die beswaar blyk klagtes te wees teen die Kuratore.

4.7.3.4 Kragtens 'n skrywe van die Kuratore (05/02/2008) is die weg van klaglegging teen die Kuratore by die Algemene Sinode as moontlikheid aangedui.

4.7.4 Kerkorde, artikel 46

4.7.4.1 Die inhoud van die Beswaarskrif het nie voorheen op die Sinode gedien nie.

Besluit: Kennis geneem.

4.7.5 Aanbeveling

4.7.5.1 Die Beswaarskrif word onontvanklik verklaar.

Besluit: Goedgekeur in die lig van 4.7.1 tot 4.7.4.1.

4.8 *Beswaarskrif 3 – br NP Kruger teen 'n besluit van Sinode 2000 oor MA Kruger (4.27 van Eerste Rapport)*

4.8.1 Teen bestaande Sinodebesluit

4.8.1.1 Gerig teen Sinodebesluite van 2006.

4.8.2 Weergawe van Sinodebesluit

4.8.2.1 Die besluit waarteen beswaar gemaak word, is nie duidelik aangehaal nie.

4.8.3 Gronde vir beswaar in eie woorde

4.8.3.1 Soos in Beswaarskrif 1 en 2 dien "Motivering" waarskynlik as gronde van beswaar. Geen beredenering op grond van Skrif, Belydenis of Kerkorde vind egter plaas nie.

4.8.3.2 Kragtens 'n skrywe van die Kuratore (05/02/2008) is die weg van klaglegging teen die Kuratore op die Algemene Sinode as moontlikheid aangedui.

4.8.4 Kerkorde, artikel 46

4.8.4.1 Die inhoud van die Beswaarskrif het nie voorheen op die Sinode gedien nie.

Besluit: Kennis geneem.

4.8.5 Aanbeveling

4.8.5.1 Die Beswaarskrif word onontvanklik verklaar.

Besluit: Goedgekeur in die lig van 4.8.1 tot 4.8.4.1.

4.9 *Beswaarskrif – GK Wonderboompoort teen 'n besluit van die Kuratore 2006 (4.28 van Eerste Rapport)*

4.9.1 Aanbeveling

4.9.1.1 Dat die ontvanklikheid van die Beswaarskrif in 'n Derde Rapport behandel word.

Besluit: Goedgekeur.

G. DERDE RAPPORT

1. Opdrag

1.1 Kyk *Eerste Rapport* hierbo.

1.2 Net uitstaande beoordelings en stukke ontvang na die eerste vergadering van die Deputate word in die *Derde Rapport* hanteer.

Besluit: Kennis geneem.

2. Sinode neem kennis

2.1 *Oorsig oor **Beswaarskrifte** met gepaardgaande dokumentasie wat beoordeel is*

2.1.1 Beswaarskrif – Streeksinode Randvaal teen besluit van Sinode 2003 insake kasuïstiek (4.21 van *Eerste Rapport*).

2.1.2 Beswaarskrif – GK Wonderboompoort teen 'n besluit van die Kuratore 2006 (4.28 van *Eerste Rapport*).

Besluit: Kennis geneem.

2.2 *Moontlike betrokkenheid van Regsdeputate by besluite waarteen geappelleer / beswaar aangeteken word*

2.2.1 Persoonlike betrokkenheid van lede van die Kommissie is verreken. Alle aanbevelings van die Regskommissie is eenparig.

Besluit: Kennis geneem.

3. Die Sinode oorweeg

3.2 *Beoordeling van ontvanklikheid van **Appèlle en Beswaarskrifte***

3.1.1 Die prosedure soos onderskeidelik uiteengesit in 3.1 en 3.2 van die *Eerste Rapport* is gevolg.

Besluit: Kennis geneem.

Aanbeveling

3.1.2 Die Sinode neem kennis van die vereistes soos gestel in 3.1.1.

Besluit: Die aanbeveling word goedgekeur.

4. Die Sinode besluit

4.1 *Beswaarskrif – GK Wonderboompoort teen 'n besluit van die Kuratore 2006 (4.28 van Eerste Rapport)*

4.1.1 Teen bestaande Kuratorebesluit

4.1.1.1 Gerig teen besluit van Kuratore geneem op 18 Junie 2008.

4.1.1.2 Die Sinode het die ontvanklikheid van die Beswaar terugverwys ten opsigte van die adres waarheen die Beswaar gerig word.

4.1.1.3 Die Sinodebesluite van 1982, 1985, 1988 en 1991 asook die Prospektus van die Teologiese Skool is nagegaan en advies is ingewin.

4.1.1.4 Dit blyk daar riglyne bestaan oor die adres van die Beswaar, maar dat die riglyne nie heeltemal duidelik is nie. As die besluite van 1988 as uitgangspunt geneem word (Die Sinode het hom verenig met die bevindings van die Rapport wat gedien het en die hele saak van die Kuratore na Studiedeputate verwys), word bepaal:
"2.5.5.1 Besware teen die besluit(e) van 'n Kuratorium kan tot daardie betrokke Kuratorium gerig word (volgens prosedure by KO, art 46).
2.5.5.2 Indien daar na die oortuiging van 'n beswaarde nie na behore op die beswaar geantwoord is nie, of iemand meen dat 'n besluit van die Kuratorium regskrenkend is, behoort die weg van KO, art 46 na die Nasionale Sinode gevolg te word en nie dié van KO, art 31 nie. Die rede hiervoor is dat die saak van opleiding van predikante – asook die beheer oor die teologiese skole – 'n saak is wat in die lig van KO, art 30 by ons Nasionale Sinode tuishoort" (Acta:536, 537).

4.1.1.5 Dit blyk dat die beswaardes hierdie weg probeer volg het. Hulle bestempel die twee briewe en die trant waarin die briewe beantwoord is as genoegsame getuienis dat die beswaar (nie Beswaarskrif) nie na behore beantwoord is nie, daarom die Beswaarskrif op hierdie Sinode.

4.1.1.6 Indien 1991 se besluite op grond van bevindings van Studiedeputate as uitgangspunt geneem word, blyk dit weer dat die weg van Appèl die aangewese wyse is wanneer na beswaar regskrenking plaasgevind het.
5.1.3 'n Synodus Contracta en 'n kombinasie van kerke berus op dieselfde kerkregtelike beginsels as meerdere vergaderings, omdat meer kerke daarin saamkom om op 'n beperkte wyse 'n bepaalde taak (waartoe hulle ooreengekom het) uit te voer, met behoud van reg tot Appèl na die volle Sinode" (Acta:506).

4.1.1.7 Dit blyk dat Sinode 1991 die vergadering van die Kuratore op dieselfde kerkregtelike beginsels as meerdere vergaderings beskou. Dit hou die "normale" weg van beswaar by die betrokke vergadering (die Kuratorevergadering) in asook die reg van Appèl na die Algemene Sinode.

4.1.1.8 Die besluit van 1991 sluit aan by besluite wat in 1981, 1985 en 1988 geneem is, en dui nie aan dat die besluit van 1988 hierbo opgehef is nie.

4.1.1.9 Beide besluite (1988 en 1991) veronderstel beswaar by die betrokke Kuratorevergadering, voordat beswaardes hulle na die Algemene Sinode wend, hetsy deur Gravamen of deur Appèl.

4.1.1.10 Oor die probleem of die rig van twee briewe waarin die probleme/beswaar van 'n Kerkraad gekorrespondeer word, genoegsame aanduiding is van wat KO, art 46 daarmee met Gravamen bedoel, is daar 'n verskil van opinie.

4.1.1.11 Dit blyk dus dat die genoemde Sinodebesluite op verskillende maniere geïnterpreteer kan word. Daar is dus nie volkome duidelikheid oor die korrekte weg wat gevolg moet word nie.

4.1.2 Weergawe van Kuratorebesluit

4.1.2.1 Verwys na Kuratorebesluit wat via 'n brief aan Wonderboompoort 30/11/2008 oorgedra is (brief as Bylae aangeheg).

4.1.3 Gronde vir beswaar in eie woorde

4.1.3.1 Gronde vir die beswaar word in eie woorde weergegee.

4.1.4 Kerkorde, artikel 46

4.1.4.1 Die inhoud van die Beswaarskrif het nie voorheen op die Sinode gedien nie.

Besluit: Kennis geneem van 4.1.1 tot 4.1.4.1.

4.1.5 Aanbeveling

4.1.5.1 Op grond van wat hierbo beredeneer is, is die Beswaarskrif ontvanklik.

Besluit: Die aanbeveling word nie aanvaar nie en die Beswaarskrif is dus onontvanklik.

Motivering:

1. In die Prospektus TSP (p18, 6.2.9) wat aan die Sinode 2000 voorgelê is, laat die jongste besluit oor prosedure duidelik alleen die weg van die Appèl oop.
2. Die twee briewe genoem in die Rapporte in 4.1.1.5 en 4.1.1.10 kan nie as Beswaarskrifte gesien word nie, aangesien dit nie voldoen aan die vereistes van KO, art 46 nie.
3. Die Kuratorium het geen geleentheid gehad om die saak in terme van sy mandaat af te handel nie. Indien die Sinode so ‘n saak in behandeling sou neem, sou dit beide partye die geleentheid tot Appèl ontneem.

4.1.5.2 Die Sinode verwys die Beswaarskrif na ’n Kommissie.

Besluit: Punt 4.1.5.2 verval in die lig van besluit by 4.1.5.1.

4.1.5.3 Die Sinode wys die Deputate vir ontvanklikheid van Besware en Appèlle as ’n *ad hoc* kommissie aan om in die lig van vorige Sinodebesluite (in besonder die gedagte dat die vergadering van die Kuratore soos ’n meerdere vergadering is) die Sinode te adviseer oor ’n duidelike praktiese pad tov besware oor besluite en handelinge van die Kuratore in die toekoms.

Besluit: Punt 4.1.5.3 word nie aanvaar nie en geen *ad hoc* kommissie word aangewys nie.

4.2 *Beswaarskrif – Streeksinode Randvaal teen besluit van Sinode 2003 insake kasuïstiek (4.21 van Eerste Rapport)*

4.2.1 Teen bestaande Sinodebesluit

4.2.1.1 Gerig teen Sinodebesluit van 2003 (Acta:555).

4.2.2 Weergawe van Sinodebesluit

4.2.2.1 Besluite word woordeliks weergegee soos in Acta 2003.

4.2.2.2 Die beswaardes merk oor die besluit waarteen beswaar aangeteken word dat die betrokke aanbevelings goedgekeur is, hoewel dit nie so in die gedrukte Handelinge van die Sinode staan nie.

4.2.2.3 Die handgeskrewe Notule lui by punt 7.1 en 7.2 oor die “Finale aanbevelings (vgl 5 van Beswaarskrif) ... goedgekeur”, waarna dit deurgehaal is en vervang is met “neem kennis” (vergelyk Notule 7.1 en 7.2).

4.2.2.4 Die vraag is of die (bona fide) fout in die weergawe van die besluit deur die beswaardes die Beswaar onontvanklik maak?

4.2.2.5 Daar kan geredeneer word dat die saak waaroor besluit is duidelik genoeg in die Notule na vore kom, en dat die “notuleringsfout” daarom nie wesenlik ‘n verskil oor die ontvanklikheid van die Beswaar nie.

4.2.2.6 Daar kan aan die ander kant geredeneer word dat die besluit nie korrek aangehaal is nie, en daarom die Beswaar moontlik onontvanklik maak.

4.2.2.7 Die Kommissie is van oordeel dat hierdie onduidelikheid nie noodwendig die ontvanklikheid van die Beswaar negatief beïnvloed nie.

4.2.3 Gronde vir beswaar in eie woorde

4.2.3.1 ‘n Beswaar met onderafdelings word aangevoer waarom die besluit van 2003 hersien moet word.

4.2.4 Kerkorde, artikel 46

4.2.4.1 Die inhoud van die beswaar is nie op vorige Sinodes behandel nie.

Besluit: Kennis geneem.

4.2.5 Aanbeveling

4.2.5.1 In die lig van bogenoemde beredenering is die Beswaarskrif ontvanklik.

4.2.5.2 Die Sinode wys ‘n Kommissie aan om die Beswaarskrif te hanteer.

Besluit: Goedgekeur en verwys na Beswaarskrifkommissie 4.